



Span Saam met ons om die Amasone vir Christus te Bereik

'n Boodskap van Harvesters se stigter en hoof uitvoerende beampte

Terwyl verspreide wolke lui verby my venster dryf, kyk ek neer op die uitgestrekte reënwood ver daar onder. Riviere vloei kronkelend en verdwyn in die verte. Die blote grootte van die Amasonebekken is asembernemend en terwyl daar duisende nedersettings aan die rivieroewers voorkom, word hulle merendeels deur die wouddak verberg. Binnelands is daar baie meer ongekarteerde dorpieë wat deur inheemse stamme bewoon word.

Om enige plek te bereik, is moeilik en tydrowend. 'n Besoek aan Eurinepe is 'n vier uur lange vlug, maar duur twee weke per boot.

Alhoewel die Amasone al vir meer as 'n eeu die teiken van sendelinge is, het die meeste nog nooit verder as 200 km vanaf Manaus beweeg nie. Die meeste van die duisende dorpieë het nie 'n kerk nie, en waar daar wel 'n kerk bestaan, is daar nie 'n opgeleide leraar nie.

Harvesters Ministries se droom is om lewensvatbare kerke in elke gemeenskappie aan die rivierstelsel te plant en uiteindelik die mees onbereikbare plekke denkbaar te bereik en 'n leraar vir elke nuwe kerk op te lei. Sommige mense sal dit afmaak as 'n lugkasteel – onrealisties, onprakties en selfs onmoontlik. Indien ons drome egter nie groter is as ons vermoëns en hulpbronne nie, is hulle in werklikheid drome?

God het vir ons die Evangelie gegee, ons het die mandaat, ons het die metodologie, ons het die strategie, ons het die begeerte ... en nou is ons op soek na die regte vennote wat ons sal help om ons Godgegewe drome te verwesenlik.

Ons benodig vennote wat in die hulpbronne kan voorsien om dit waaroor ons reeds beskik, aan te vul, en ons benodig vennote op voetsoolvlak wat ons visie deel. Die werk het reeds begin, kerke is reeds geplant, leraars word reeds opgelei. Dis nou net 'n kwessie om op te skaal.

Deel in ons droom. Sluit by ons aan!

Steven (Fanie) Loots

Ook in hierdie uitgawe:

2

Die Woord van God verander lewens.

4

Voorsien in die behoeftes in Peru.



Die Woord van God verander lewens

Stories van transformasie van gelowiges vanuit 'n Moslem-agtergrond

Buitengewone stories van groot getalle Moslems wat hulle tot Christus bekeer, baie deur middel van drome, word wêreldwyd gehoor – sommige mense sê tot soveel as ses miljoen per jaar (alhoewel dit moeilik is om werklike getalle te bepaal).

Om die waarheid te sê, meer Moslems het in die afgelope 15 jaar Christus aangeneem as in enige ander tyd in die geskiedenis en dit word as 'n "globale fenomeen" beskryf. Christen sendelinge het met 'n naam vir hulle vorendag gekom: "Gelowiges vanuit 'n Moslem-agtergrond" (GVM's).

GVM's plaas baie op die spel wanneer hulle die Moslem-geloof verlaat om Christus te volg. Een van die kernbeginsels van Islam is dat "die een wat sy geloof verander, moet sterf". Daarvolgens ervaar afvallige Moslems 'n spektrum van teenkanting – van verwerping tot marteling en selfs die dood.

Een van die hoofredes waarom Moslems aangetrokke voel tot die Christelike geloof, is die Woord van God – veral die klem op liefde. "Wanneer Moslems die Bybel lees, verander dit hulle onmiddellik. Dis beter as enige toespraak of debat," sê een sendeling.

Lees hierdie kragtige stories van transformasie van Harvesters se leraars vanuit 'n Moslem-agtergrond wat nou passievol die blye Boodskap van Jesus Christus preek.



Eddie – afkomstig van 'n Moslem-gesin in Malawi – het as tiener 'n Christelike evangelisasieveldtog bygewoon, sy lewe vir die Here gegee en 'n Bybel ontvang. Sy vader was woedend en het hom aan 'n boom vasgebind, met 'n sweep geslaan en sonder kos of water gelaat. **Eddie het aan sy Bybel vasgehou en sy geloof het nie net onwankelbaar gebly nie, maar het selfs gegroei.** Hy dra steeds die littekens van dié traumatiese ervaring. Vandag is hy 'n leraar en 'n Harvesters-kerkplanter en passievol in sy ywer om die evangelie van Jesus aan Moslems te bring.

Eddie – Malawi





Adriano het in 'n Moslem-huis grootgeword. In 1990, "het Jesus my geroep," onthou hy. Mense het die blye Boodskap met hom gedeel en aan hom 'n Bybel gegee. **"Ek het dit gelees en die aanraking van God gevoel,"** sê hy. Hy het begin om gereeld kerk toe te gaan. Sy ouers was ontevrede met sy besluit om 'n Christelike kerk by te woon, maar hy het volgehou, "Nee, ek moet gaan. Ek hoor die Woord van God daar!" Soos sy lewe verander het, het hy begin preek. "Nou is ek 'n evangelis," sê hy. "Ek is in die kerk getroud en ek staan verwonderd hoe anders my lewe is. Die Bybel verlig ons verstand en wanneer ons verlore is, kan ons telkens na die Woord van God draai en die waarheid daar soek."

Adriano – Mozambiek



Op skool het Rafique* per ongeluk in die verkeerde klas beland en 'n Bybelles gehoor wat hom bygebly het. Hy onthou die les, oor die Saligsprekinge, dat liefde en vergifnis van God kom en deur Christus se volgelinge versprei moet word. Hy wou vrae vra, maar sy onderwyser – wat besef het hy behoort nie daar te gewees het nie – was huiwerig om sy vrae te beantwoord. In daardie land is dit is teen die wet vir 'n Christen om 'n Moslem te evangeliseer. Maar die saadjie was geplant. Later in sy lewe het God Rafique na iemand gelei wat die Jesus-film vertoon het en hy het 'n Christen geword. Danksy Bybelse waarhede het hy later 'n sendeling geword en vanweë Harvesters se opleiding **huiskerke met meer as 175 nuwe gelowiges** in die Midde-Ooste geplant.

Rafique – Midde-Oosterse land



Amir* se familie was kwaad en teleurgesteld toe hy 'n Christen geword het. Hulle het hom probeer ompraat om van plan te verander deur hom gevange te hou, toegesluit in 'n kamer sonder kos of water, maar Amir het volhard om Christus te kies. Uiteindelik het sy broer hom gehelp om te ontsnap, vertel hy. "Ek stem nie saam met wat jy gedoen het nie, maar ek kan nie toesien dat jy hier sterf nie." **Amir het die blye Boodskap en hoe Jesus sy lewe verander het aan baie mense vertel.** Een warm dag is hy deur die Here gelei om 'n aanbiddingsplek vir Moslems te besoek en het gevra om die leier te ontmoet. Die man het Amir na sy huis genooi waar hy openbaar het dat hy ook 'n Christen was! Hulle het mekaar bemoedig en saam aanbid. Amir verkondig steeds die blye Boodskap oral waar hy gaan.

Amir – Midde-Oosterse land



Toe Julio 'n Moslem was, het hy roekeloos geleef. "Ek het partytjies gehou, by baie vroue geslaap en mense glad nie respekteer nie," onthou hy. Sy huis was langs 'n kerk en hy kon die preke hoor. Dit het sy nuuskierigheid geprikkel en een dag het hy gaan luister. "Net daar het ek al my dade bely," sê hy. Hy is kort daarna gedoop en vandag is hy 'n leraar wat die evangelie aan ander verkondig. **"Telkens wanneer ek die Woord van God hoor, weet ek dat ek gered is. Die Woord van God het my lewe nuut gemaak.** Nou is ek vry. Ek drink nie meer nie en daar is nie meer vroue in my lewe nie – ek voel my vroeëre lewe het verbygegaan. Wanneer ek preek, het ek geen vrees nie. Ek preek met vrymoedigheid. Ek nooi ander uit om te kom."

Julio – Mosambiek

*Name weens sekuriteitsredes verander.

Bronne

Prayercast.com

Nationalinterest.org




Foto: Lucero.

Voorsien in die behoeftes in Peru

Peru is die derde grootste nasie in Suid-Amerika en alhoewel dit oor 'n oorvloed natuurlike hulpbronne beskik, leef 50% van die bevolking in armoede. Dis die wêreld se tweede grootste produsent van kokaïen en te veel vroue en kinders is vasgevang in 'n mensehandelkrisis. Die plaaslike kerk moet vermenigvuldig om Peru vir Christus te bereik! Harvesters Ministries het hierdie pragtige land vroeër vanjaar besoek en gevind daar is eenvoudig nie genoeg leraars om kerke te lei nie. Trouens, vroue kom na vore om kerkgemeenskappe te onderhou en die leemte te vul. Lucero, die weduwee van 'n leraar, vertel, "Ons weet God stuur altyd iemand. Ons wil net voorbereid wees." Op die vraag wat die kerk in Peru benodig, antwoord sy, "Dissipelskap. Ons evangeliseer, maar as die mense nie opgevolg word nie, kan hulle nie groei nie." Danksy ondersteuners soos jy, kan Harvesters Ministries leiers in Peru oplei om kerke deur middel van evangelisasie en dissipelskap te plant. 📖

Skakel met Harvesters Ministries op enig een van ons platforms:

- Facebook – www.facebook.com/harvestersmin
- Instagram – www.instagram.com/harvestersministries
- YouTube – www.youtube.com/c/HarvestersMinistries
- Twitter – www.twitter.com/HarvestersMin
- Website – www.harvestersministries.com

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:

Harvesters Ministries, ABSA Bank,
Rekeningnr: 4075041297, Takkode: 632005
Verwysing: "NE0822"+[jou naam]


Meer opsies om te gee:

Besoek ons webblad om aanlyn te gee.

Nou kan jy ook met **kripto geldeenhede** gee



Of volg die qr kode om via **Zapper** of **SnapScan** te gee ...



Baie dankie vir jou volgehoue ondersteuning!

Harvesters MINISTRIES

HARVESTERS MINISTRIES IS 'N GEREISTREERDE NIE-WINSGEWENDE- EN OPENBARE WELDAADSORGANISASIE ORGANISASIE (NPO EN PBO).

WhatsApp: **064-809-6326**
(stuur jou naam en van en ons sal jou kontak).

Telefoon: **021-300-5629**

E-pos: **info@harvestersministries.com**

Posdres: **Freeport CB11432 • Strand, 7139**
(Geen posgeld nodig nie indien binne Suid-Afrika gepos word).

Fisiese Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes, 7130**

Tree met Harvesters Ministries in verbinding indien jy wil hê ons moet die gratis Dissipelmakerskursus by jou kerk kom aanbied.

Opening the Way